Geliefde Lourensrivierder

Ek heg vir jou ‘n foto aan wat my Grotman eergister van die Lourensrivier geneem het wat oorloop...

Die gedagte kom toe by my op:
“Waarvan loop ek oor?”
Wat oorstroom my walle? Mens sê so maklik “Waar die hart van vol is, loop die mond van oor”, maar maak hierdie gesegde wel ‘n verskil in my daaglikse lewe, denke en optrede?

Kan jy glo, die gesegde kom oorspronklik uit die Bybel? Dit staan in Mat 12:34 en in vers 35 sê Jesus dan “Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.”

Dit laat my sommer weer dink aan die kinderliedjie “Dit borrel in my”: https://www.youtube.com/watch?v=ZnhVF3TEnkM

OPENBARING 22:1
Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit.

Here, as my walle oorstroom, laat dit asseblief kom vanuit die bron waar U oorvloedige liefde vloei, waar U vrede wat-alle-verstand-te-bowe-gaan uitsyfer en U allesoorheersende vreugde uit borrel. Amen

NUUSKRUMMELS: 25 Julie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Daar is nog tyd tot Vrydag 12h00 om kaartjies te koop en pannekoek te bestel. Kontak gerus die kerkkantoor @ 021 853 5991

WOEKERHOEKIE:

Tans te koop:

- Anna se heerlike Marmelade @ R35
- Canola & Olyfolie @ R85
- Gewone Canola Olie @ R75
- Lappiesboontjies @ R50/kg
- Heuning @ R60 per potjie (400ml)
- Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie (Milo, Gemmer & Peanut)
- Anna se Beskuit @ R40 per pak
- Brownies @ R5 asook banting Brownies @ R10

- Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
  Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemeng

KOMMUNIKASIE EN NUUS:

Daar is ‘n lekker groot verskeidenheid van maniere hoe jy op datum kan bly met alles wat in die gemeente en gemeenskap aangaan.

☺ Facebook Blad: https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/
☺ Webtuiste: www.lourensrivier.co.za
☺ Twitter: https://twitter.com/LourensRi4Gemeente
☺ Instagram: https://www.instagram.com/lourensrivier_gemeente/
☺ Gemeente Kalender (by kerkdeure en Kantoor beskikbaar)
☺ Sondag Afkondigings
☺ Donderdag Nuuskrummels (elektroniese nuusbrief per epos)
☺ SMS’e
☺ Epos: admin@lourensrivier.co.za of fin@lourensrivier.co.za of petrie@lourensrivier.co.za
☺ En dan natuurlik ook by die vriendelike dames by die Kerkkantoor @ 021 853 5991

Huweliksweek SA
Jou huwelik maak saak • Elke Sept. 1-7

Ons herinner sommer weer vroegtydig:
Vanjaar se tema vir SA Huweliksweek is:
"Maak sin van my, jou en ons lewe saam."

Die doel is om paartjies te help om hulself en hul huweliksmaats beter te verstaan, sodat die getroude lewe makliker en lekkerder is.
KLIEK op hierdie skakel om meer oor hierdie jaar se tema te lees:
http://intiem.co.za/vanjaar-se-tema-vir-sa-huweliksweek/

Onthou ook jy kan hierdie jaar deel wees van die Huweliksweek-span en 'n verskil in jou gemeenskap maak tydens 1 - 7 September!
KLIEK op hierdie skakel indien jy meer wil weet oor die geleentheid om deel van die Huweliksweek-span te wees:
http://intiem.co.za/wil-jy-deel-wees-van-die-sa-huweliksweek-span/

Groete,
Die SA Huweliksweek en INTIEM span!

BASAAR

STRAND DIENSSENTRUM
NPO 011-303
DE VILLIERSSTRAAT 30

SATERDAG 3 AUGUSTUS 2019 - VANAF 09H00

PANNEKOEKE
BOEREWORSROLLE
POEDINGS
KOEKTAFEL
GEMMERBIER
KONFYTE
en VELE MEER!!!

WIT OLIFANTTAFEL
NAALDWERKTAFEL
KOEKTAFEL
BRODE EN VETKOEKE
KERRIE & RYS
LEKKERGOED & KOELDRANKE
GROENTE / VRUGTE / PLANTE

Musiek deur **Les Lees**

TEETUIN

Kom ondersteun ons en vind uit waarmee die Dienssentrum hulself besig hou!
Geniet hierdie jaarlikse geleentheid saam met ons!!!

SNOEKBRAAI

Ons is bekend vir ons lekker ruim porsies !!!

TEN BATE VAN HUIS ESPERANZA

DATUM : VRYDAG, 26 JULIE 2019

PLEK : HUIS ESPERANZA
DONALDSONSTRAAT 11
STRAND

TYD : ETES KAN TUSSEN 15h00 EN 18h00
BY DIE TEHUIS AFGEHAAL WORD.

ETE : SNOEK, PATAT, BROOD MET KORRELKONFYT

KOSTE : R50.00 VIR 'N RUIM PORSIE

KONTAK SUSAN BY (021) 854 7393 VIR BESTELLINGS !

BAIE DANKIE VIR U ONDERSTEUNING !

Adres: Lourensrivierweg
Strand
7140
Tel: (021) 854-3763
Faks: (021) 853-0413
Epos: henriette@huisjs.co.za

AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING ACVV

ACVV HUIS JAN SWART
NPO/NWO: 002-960

22 Julie 2019

Geagte Gemeentelid

ACVV Huis Jan Swart benodig ***vrywilligers*** om op die Beheerraad te dien. Enige iemand wat belang sou stel kan die Hoof kontak om meer uit te vind wat dit behels.

Tel: 021 854-3763

Epos: henriette@huisjs.co.za

Vriendelike groete

H HEYDENRYCH
HOOF

BERG 80 VERJ: AUGUSTUS 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Nell	Hermanus	08/03	92
Verster	Jean	08/04	82
Kies	Marguerite	08/06	83
Meyer	Nella	08/07	82
Liebenberg	Lydia	08/16	95
De Kock	Truida	08/20	86
Mouton	Hennie	08/22	79
Schoeman	Aquila	08/26	86
Mostert	Myra	08/29	87

Rom. 15:13
Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

KNIEWERK:

- Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- Innige meegevoel met Jannie van Eeden en familie met die heengaan van sy suster
- Innige meegevoel met Ohna Visagie en familie met die heengaan van haar suster

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SO., 14 JULIE SE BOODSKAP: : HOSEA 1:2-10 (SEWENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Hosea kan gesien word as 'n "lydende profeet" as gevolg van die moeilike politieke en sosiale tyd waarin hy optree, maar veral as gevolg van sy eie huwelik situasie wat God gebruik om die beeld van 'n "losbandige volk" uit te druk. God gebruik sy huwelik met Gomer om te wys hoe Israel, die volk van God, ontrou is aan God op politieke en sosiale terrein. Hosea moes 'n lewende gelykenis wees van die liefde van God en die ontrouheid van Israel. Die Here het opdrag vir hierdie "huwelik" gegee, maar beskou dié verhouding as problematies, want dit is vir Hom asof Hy met 'n prostituut getroud is. Hosea se huwelik word 'n simbool van die verhouding tussen die Here en Israel. Soos Hosea se vrou aan hom ontrou geword het, só het Israel ook ontrou aan die Here geword o.a. deur die vrugbaarheidsgod, Baäl, te vereer. Hierdie geestelike verval moes deur Hosea aan die lig gebring word

Hierdie vreemde opdrag van God aan Hosea, moet elkeen van ons op die punt bring waar ons opnuut dink aan ons verhouding met God.

- Is ons waarlik gehoorsaam aan God om sy opdragte stiptelik uit te voer?
- Gee ons werklik om vir God in ons verhouding met Hom? Erken ons Hom as God en leef ons dit uit voor mense dat Hy God van ons lewe is?
- Is Hy werklik my God en beleef God my verhouding met Hom as eerlik en opreg en getrou aan Hom? Wat sê God van ons verhouding met Hom?

God se opdrag aan Hosea wil ons stop in ons spore, ons tot stilstand bring, ons laat voorraadopname doen van ons "huwelik" verhouding met Hom. Ons besef hoeveel ons tekortskiet. Daarom kan ons dankbaar wees teenoor die Here, wanneer ons in vs. 10 lees van sy ontfermende liefde (in Hebreeus is die woord "Hesed") vir sy "owerspelige" kinders: "Julle is kinders van die lewende God."
'n Vraag wat ons onsself ook moet afvra is: Hoe beeld my huwelikslewe, my familielewe my verhouding met God uit? Hoe verkondig dit God se boodskap aan ander mense?
Hierdie boek van Hosea vertel vir ons dat God die God van "nogtans" is, dat Hy sy kinders weer 'n kans gee, ten spyte van hul ongehoorsaamheid en ontrouheid. God ontferm Hom oor sy kinders, Hy handhaaf sy verhouding met sy kinders. Hy bly die Een wat Hom oor ons ontferm. Daaroor kan ons net dankbaar wees.



Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE